Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 6/8/2021

VERWELKOMING

Baie welkom aan die volgende personeel hier in Wonnie-land:
Me. M Janse van Vuuren (EBW en Besigheidstudies) en me. E Potgieter (Wisk).

MATRIKULANTE

Die Voorbereidende Eksamen van die matrikulante is om die draai. Dié leerders moet voluit tot en met Vrydag, 13 Augustus, by die skool wees, waarna die praktiese eksamens voluit begin. Baie sterkte aan elke matrikulant met die voorbereiding vir die eksamen.

TOPPRESTEERDERS

Baie geluk aan ons Top-10 Presteerders vir kwartaal 2. Baie dankie vir julle harde werk. Daar is vele ander Wonnies wat ook pragtig presteer het. Ons is werklik trots op julle!

Nr	GRAAD 8	%
1	DEANÉ VAN ZYL	96.82
2	CHANIE CORY	96.61
3	MARNUS LEZAR	95.16
4	HANNAH BRADFIELD	93.83
5	ESTELL STEENKAMP	93.81
6	ESRIE VENTER	92.55
7	RIANY JANSE VAN RENSBURG	90.81
8	ALIZAH NOLTE	88.85
9	KAY-LEE FOUCHÉ	88.4
10	KYLIE BOTHA	87.79

Nr	GRAAD 9	%
1	ELMARI UYS	92.4
2	GUILLAUME LUÜS	87.79
3	ZANDI PRETORIUS	87.73
4	MEANÉ MC DONALD	86.57
5	CARLIEN NIEMAN	86.26
6	DANELLE ODENDAAL	85.97
7	LIZERI JOUBERT	85.44
8	HEIN REINERS	85.33
9	JANIKA VAN DER WALT	84.52
10	NADIA PRINSLOO	84.29

Nr	GRAAD 10	%
1	ISANÉ BEZUIDENHOUT	92.91
2	MINJONÉ MULLER	91
3	ARMAND CILLIERS	90.04
4	TANIA CURTIS	88.75
5	CARLA NEL	85.02
6	ANICHIA VAN VUUREN	84.98
7	MARIONÉ JANSE VAN RENSBURG	84.8
8	JOHAN COETZEE	84.74
9	CHANIE ERASMUS	83.75
10	SONIQUE DEYSEL	83.51

Nr	GRAAD 11	%
1	TANELI DE BRUIN	90.15
2	AMONÉ WILKINS	89.44
3	MICHÁN HOMAN	85.69
4	JORDAN BOTES	85.63
5	HAZEL MILLS	84.25
6	MALEBO MALEBYE	81.77
7	ANNEKE DE LANGE	80.11
8	MONIQUE LANGENHOVEN	79.91
9	THINUS DU PLESSIS	79.63
10	CAITLIN STRYDOM	79.22

Nr	GRAAD 12	%
1	ARMANDT ERASMUS	91.05
2	JANA VAN DER MERWE	87.68
3	ELZINÉ JANSEN VAN NOORDWYK	86.57
4	MARIJKE KOCK	85.49
5	OWEN KLEE	84.18
6	CLARINDA NELL	83.24
7	KAYLIN SMIT	83.21
8	CLARISSA KRUGER	82.21
9	CHARLENE FOURIE	81.91
10	LARISSA VAN DYK	80.88
11	DANÉ KLEYNHANS	80.27
12	MARJANA BREEDT	80.14

WOLKSKOOL

Daar is reeds byna 600 Wonnies wat oor 'n Wolkskool-profiel beskik. Hierdie platform word deur die skool gesubsidieer en dra dus geen kostes vir die ouers nie. Boonop gebruik die Wolkskool-toepassing (App) geen data nie en al die materiaal (videolesse ens.) kan sonder enige kostes gebruik word. Ons doel is egter om alle Wonnies op die Wolkskool geregistreer te kry. Leerders wat gereeld die Wolkskool gebruik doen oor die algemeen beter as leerders wat dit nie gebruik nie. Dit bied waardevolle ondersteuning in die vorm van videolesse wat hand aan hand met die onderrigplan van die vak gaan. **Kliek hier** vir 'n volledige uiteensetting van hoe om aan te teken in Afrikaans of Engels.

GHOLF

Graag wil ons die Wonnies aanmoedig om deel te word van die Gholf-span by die skool. Vul die Google vorm in om meer inligting te kry.



GRAAD 10 VAKVERANDERINGS

Vandag is die laaste geleentheid vir Graad 10-leerders om van vakke te verander. Hiervoor word die ouer en die personeellid van die vak wat die leerder wil neem, se toestemming benodig.

VOORTGAAN MET SPORT en KULTUUR

Die Wonnies is baie opgewonde om weer aan sport en kultuur te mag deelneem. Dit is nadat die nuutste direktiewe vrygestel is. Hiervolgens kan skole met 'n kondisioneringsprogramme (in sport) begin ten einde leerders voor te berei vir die seisoen.

Ons skool gaan dus begin met die voorbereiding vir sporte wat in dié seisoen pas. Wintersporte word as afgehandel beskou.

Die kultuur-aktiwiteite kan ook normaal voortgaan! Kooroefeninge kan weer plaasvind en inligting rakende die ander aktiwiteite sal deurgegee word.

Kom Wonnies – kom ons neem weer lekker deel!

GRAAD 8 (2022) INSKRYWINGS

Die Graad 8-aansoeke open op 10 Augustus en sluit op 3 September vir alle Graad 8-leerlinge van 2022. Dit is die fase 1 aansoeke.
Die aansoeke word aanlyn gedoen by www.gdeadmissions.gov.za.
Besoek gerus ons webblad by www.wonnies.co.za. Alle inligting is hier vir u uiteengesit.
Nadat daar aanlyn aansoek gedoen is, het ouers/voogde SEWE dae om dokumente op die stelsel te laai. U kan ook die dokumente by die hoofhek van die skool kom afgee.

SKOOLGELDE

Baie dankie aan al die ouers wat steeds getrou skoolgelde betaal. Die inkomste word steeds maandeliks benodig ten einde alle verantwoordelikhede van die skool na te kom.
Verskeie ouers betaal egter nie gereeld hul skoolgelde nie.
Ons doen 'n ernstige beroep op hierdie ouers om ook hul verpligtinge na te kom. Gebruik die onderstaande inligting vir betalings:

Bank: FNB
Tjekrekening Reknr: 62877816789
Takkode: 250655

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF